## Formele assessering

# Aanbieding: **Kontantbegrotings (50 punte)**

*Leerdersboek bladsy 344*

## Agtergrond inligting

Jy word voorsien met die volgende inligting wat verband hou met Party Dress Shop. Kash Chand is die eienaar. Sy glo dat sy 'n gerekende onderneming opgebou het, en is baie tevrede met die finansiële resultate van haar onderneming, maar haar begroting vir die volgende drie-maande maak haar ongerus.

Sy het jou aangestel om haar advies te gee en te help met 'n strategie om haar kontantvloei te verbeter. Gebruik die gegewe inligting en stel 'n aanbieding op wat die volgende in ag sal neem:

**1** Definisie van 'n begroting en 'n verduideliking van begrotingsperiode.
**2** Voordele van begroting.
**3** Voltooi die Debiteure-invorderingsskedule en die Kontantbegroting
**4** Lewer kommentaar op die invordering vanaf debiteure en betalings aan krediteure. Watter strategieë moet die onderneming van gebruik maak?
**5** Gebruik die voorbereide Kontantbegroting en bespreek.
- Of die onderneming 'n likiditeitsprobleem sal ondervind gedurende die volgende drie-maande. Verduidelik die hoofrede vir jou antwoord.
- Watter strategieë kan geïmplementeer word om die likiditeitssituasie te verbeter?

**6** Bespreek die volgende faktore om te verseker dat effektiewe en betroubare vooruitskattings gedoen kan word:
- transaksies in die verlede
- eksterne faktore
- bestuur
- werklike verpligtinge
- interne beheer en etiese ondernemingspraktyke

## Inligting:

**KASH PARTY DRESS SHOP**
**DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE VIR 1 JULIE 20.9 TOT 30 SEPTEMBER 20.9**

| | Krediet Verkope | Julie | Augustus | September | Debiteurekontrole | Oninbare skulde |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Oktober | 48 000 | 32 640 | | | | 960 |
| November | | | | | | |
| Desember | | | | | | |
| Januarie | | | | | | |
| Totale | | | | | | |

**KASH PARTY DRESS SHOP**
**KONTANTBEGROTING VIR PERIOD 1 JULIE 20.9 AAN 30 SEPTEMBER 20.9**

| **Kontantontvangste** | **Julie** | **Augustus** | **September** |
|---|---|---|---|
| Invorderings vanaf debiteure | ? | ? | ? |
| Kontantverkope | ? | ? | ? |
| Rente op privaatrekening | 100 | | |
| Opbrengs van vaste deposito | | 12 360 | |
| **Totale ontvangstes** | ? | ? | ? |
| **Kontantbetalings** | | | |
| Kontantaankope van voorraad | ? | ? | ? |
| Betalings aan krediteure (vir voorraad) | ? | ? | ? |
| Lone aan boekhouer | 5 200 | 5 200 | 5 200 |
| Huuruitgawe | 8 500 | 8 500 | 9 350 |
| Salarisse aan werknemers | 44 000 | 40 500 | 43 740 |
| Ander bedryfsuitgawes | 8 300 | 8 900 | 9 500 |
| Kontant onttrekkings by eienaar | 15 000 | 15 000 | 15 000 |
| Deposito op nuwe voertuig | | 35 000 | |
| Paaiement op voertuig | | | ? |
| Rente op oortrekking | | 334 | 23 |
| **Totale betalings** | ? | ? | ? |
| Kontantsurplus (tekort) | ? | ? | ? |
| Banksaldo aan begin van maand | 24 000 | ? | ? |
| Banksaldo aan einde van maand | ? | ? | ? |

## Addisionele inligting

**1.** Verkope en Koste van verkope:

| | **Werklike verkope** | **Begrote verkope** | **Koste van verkope** |
|---|---|---|---|
| Junie 20.9 | 120 000 | – | 80 000 |
| Julie 20.9 | – | 105 000 | 70 000 |
| Augustus 20.9 | – | 270 000 | 180 000 |
| September 20.9 | – | 105 000 | 70 000 |

40% van die totale verkope is krediet verkope
Debiteure betaal hulle rekeninge soos volg:

- 30% vereffen hulle rekeninge in dieselfde maand as waarin die kredietverkope plaasgevind het.
- 68% vereffen in die maand na die transaksie plaasgevind het.
- 2% word afgeskryf.

'n Vaste handelsvoorraadvlak word deur die jaar bygehou en word maandeliks vervang.
Aankope van voorraad.

- 70% van voorraad word op krediet aangekoop.
- Krediteure word ten volle betaal in die maand wat volg op die maand waarin die aankope plaasgevind het en kwalifiseer vir 'n 5% karting.

**2** Ses voltydse en een deeltydse werkers verdien totale salarisse van R44 000 vir Julie 20.9. Die deeltydse werker, wat R3 500 per maand verdien, sal die onderneming teen die einde van Julie 20.9 verlaat. Salarisse van die oorblywende werknemers sal op 1 September 20.9 aangepas word.

**3** 'n Voertuig met 'n drawaarde van R48 000 sal teen die drawaarde op 1 Augustus 20.9 ingeruil word vir 'n nuwe voertuig wat R350 000 kos. 'n Deposito van R35

000 sal op 1 Augustus 20.9 betaal word en die saldo van die uitstaande bedrag sal in 10 gelyke paaiemente beginnende op 1 September 20.9, afbetaal word.

**4** Die onderneming het 'n oortrekking van R22 860 op 30 November 20.8. Rente word deur die bank bereken (op die vorige maandeinde se saldo's) aan die begin van elke maand. Voorsien vir rente teen die volgende koers (bereken jou antwoorde tot die naaste Rand):

- Ongunstige saldo 18% per jaar.
- Gunstige saldo 5% per jaar.

**Taakassesseringsrubriek: Aanbieding**

| Kriteria | 1 punte | 2 - 4 punte | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Definisie en begrotings-periode | Definieer kontant-begroting | Definieer kontant-begroting en verduidelik die begrotings periode | | | |
| **Kriteria** | **1-2 punte** | **3-6 punte** | | | |
| Voordele van begroting | Verskaf 'n rede. | Verskaf gedetailleerde redes | | | |
| **Kriteria** | **1-2 punte** | **3-4 punte** | **5-6 punte** | **7-8 punte** | **9-10 punte** |
| Voorbereiding van debiteure-invorderings-skedule en kontant-begroting | Debiteure-invorderings-skedule en kontant-begroting het sommige korrekte bedrae | Debiteure-invorderings-skedule en kontant-begroting is opgestel met tenminste 25% korrekte bedrae. | Debiteure-invorderings-skedule en kontant-begroting is voltooi met tenminste 50% korrekte bedrae. | Debiteure-invorderings-skedule en kontant-begroting is voltooi met tenminste 75% korrekte bedrae. | Debiteure-invorderingsskedule en kontantbegroting is voltooi met korrekte bedrae. |
| Lewer kommentaar op debiteure en krediteure invordering | Lewer kortliks kommentaar. | Noem en lewer aanvaarbare kommentaar oor verhouding. | Lewer kommentaar en paar voorstelle word genoem. | Lewer kommentaar met met goeie voorstelle. | Lewer kommentaar en met uitstekende voorstelle. |
| **Kriteria** | **1-2 punte** | **3-4 punte** | **5-6 punte** | **7-8 punte** | **9-10 punte** |
| Lewer kommentaar vanaf kontantbegroting rakende likiditeit | Lys likiditeits-probleme en die oorsake in besonderhede. | Lys likiditeits-probleme en oorsake in besonderhede. In staat om oplossings te verskaf. | Lys likiditeits-probleme en oorsake in besonderhede. In staat om paar oplossings te verskaf. | Lys likiditeits-probleme en oorsake in besonderhede. In staat om paar goeie oplossings te verskaf. | Lys likiditeit probleme en oorsake in besonderhede. In staat om paar uitstekende oplossings te verskaf. |
| **Kriteria** | **1-2 punte** | **3-4 punte** | **5-6 punte** | **7-8 punte** | **9-10 punte** |
| Effektiewe en betroubare vooruit-skatting | Ten minste een opmerk-ing gemaak | Lewer kommentaar wat aandui dat leerder bietjie insig het | Lewer kommentaar wat aantoon dat leerder insig het. | Lewer goeie kommentaar wat toon dat die leerder goeie insig het. Wys dat leerder navorsing gedoen het. | Lewer uitstekende kommentaar wat toon dat die leerder goeie insig het. Wys dat leerder baie navorsing gedoen het. |
| | | | | **Totale (uit 50)** | |

## Voorgestelde antwoorde

**1** Begrotings

- 'n Begroting is 'n formele geskrewe plan wat 'n onderneming opstel om toekomstige finansiële beplanning te doen.
- Word gebaseer op die doelwitte van die onderneming en is ten doel om te wys hoe daar beplan word om beleid uit te voer sodat die doelwitte bereik kan word.
- Dit beplan vir verwagte inkomste en uitgawes.
- Dit allokeer hulpbronne.
- Dit beheer inkomste en uitgawe.

Die begrotingsperiode

- Die begrotingsperiode sal afhang van die aard en grootte van die onderneming.
- Die volgende word oorweeg:
  - » Langtermynbegroting: voorberei vir topbestuur vir 'n periode van 'n aantal jare. Die beplanning sal insluit kapitaal, finansiering en personeelbehoeftes.
  - » Kort-termynbegroting: voorberei vir 'n periode van een jaar, paar maande of een maand. Hierdie verskaf 'n meer gedetailleerde uitleg van die begrotingsproses. Dit omvat verwagte verkope, koste van verkope, ander inkomste en uitgawes, die kontantvoorhande, verkryging van bates, finansiering van bedryfsbates en terugbetaling van nie-bedryfs- en bedryfslaste.
  - » Medium-termynbegroting: is die skakel tussen die langtermyn- en korttermynbegroting proses. Begrotings is 'n deurlopende proses en veranderinge is afhanklik van ekonomiese toestand van market en die winste van die onderneming.

**2** Voordele of budgeting

- Gee onderneming geleentheid om vir toekoms te beplan
- Monitor en verskaf vroeë waarskuwings van potensiële probleme.
- Voorsien korrektiewe maatreëls.

**3**

**KASH PARTY DRESS SHOP**

**DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE VIR 1 JULIE 20.9 TOT 30 SEPTEMBER 20.9**

| | Krediet Verkope | Julie | Augustus | September | Debiteurekontrole | Oninbare skulde |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Oktober | 48 000 | 32 640 | – | – | – | 960 |
| November | 42 000 | 12 600 | 28 560 | – | – | 840 |
| Desember | 108 000 | – | 32 400 | 73 440 | 2 160 | – |
| Januarie | 42 000 | – | – | 12 600 | 29 400 | – |
| Totale | 240 000 | 45 240 | 60 960 | 86 040 | 31 560 | 1 800 |

**KASH PARTY DRESS SHOP**
**KONTANTBEGROTING VIR PERIOD 1 JULIE 20.9 TOT 30 SEPTEMBER 20.9**

| | Julie 20.9<br>R | Augustus 20.9<br>R | September 20.9<br>R |
|---|---|---|---|
| **Kontantontvangste** | | | |
| Invorderings vanaf debiteure | 45 240 | 60 960 | 86 040 |
| Kontant verkope | 63 000 | 162 000 | 63 000 |
| Rente op privaatrekening | 100 | – | – |
| Opbrengs van vaste deposito | – | 12 360 | – |
| **Totale ontvangstes** | 108 340 | 235 320 | 149 040 |
| **Kontantbetalings** | | | |
| Kontantaankope van voorraad | 21 000 | 54 000 | 21 000 |
| Betalings aan krediteure (vir voorraad) | 53 200 | 46 550 | 119 700 |
| Lone: boekhouer | 5 200 | 5 200 | 5 200 |
| Huuruitgawe | 8 500 | 8 500 | 9 350 |
| Salarisse aan werknemers | 44 000 | 40 500 | 43 740 |
| Ander bedryfsuitgawes | 8 300 | 8 900 | 9 500 |
| Kontantonttrekkings deur eienaar | 15 000 | 15 000 | 15 000 |
| Deposito op nuwe voertuig | – | 35 000 | – |
| Paaiement op voertuig | – | - | 30 000 |
| Rente op oortrekking | – | 334 | 23 |
| **Totale betalings** | 155 200 | 213 984 | 253 513 |
| Kontantsurplus (tekort) | 46 860 | 21 336 | (104 473) |
| Banksaldo teen begin van maand | 24 000 | (22 860) | (1 524) |
| Banksaldo teen einde van maand | (22 860) | (1 524) | (105 997) |

**4** Teen die einde van die 3 maande 'n invordering van R192 240 is vanaf die debiteure verkry.
R31 560 was nog uitstaande en 'n bedrag van R1 800 vir oninbare skuld was aangeteken.
Dit is 'n bekommernis dat slegs 30% betaal word in die eerste maand van verkoop.
Moet debiteure aanmoedig om 'n groter bedrag te betaal in die eerste maand en hulle daarvoor 'n korting aanbied.
Moet rente hef op debiteure wie se rekeninge agterstallig is
Krediteure moet betaal word in die maand wat volg op die aankope, want daarvoor word 5% korting aangebied.
Moet onderhandel om krediteure binne 90 maande te betaal, want 'n groot gedeelte van die aankope vind op krediet plaas.

**5** Probleme
- Kontantvloeiprobleme Oortrekking van bank. Die bedrag van R105 997 is tekort is aangeteken vir September teenoor R1 525 in Augustus.
- Uitgawes verhoog en verkope verlaag
- Die aankoop van 'die nuwe voertuig vir R350 000 was die hoofoorsaak van die kontantvloeiprobleme. Nerkers se koste van R40 500 ÷ 6 = R6 750 per maand is ook baie. Moontlik is daar te veel personeel in diens.
- Die boekhouer wat R5 200 verdien, dra ook by tot die kontantvloeiprobleem.

Voorstelle
- Kry Debiteure om 50% vooruit te betaal
- Kash(eienaar) kan 'n addisionele kapitaalbydrae maak
- 'n Lening of oortrekking fasiliteit kan met die bank onderhandel word

- Volgende strategieë om verkope te verbeter
  - » Deur effektiewe advertensies of deur skole te nader(matriekdans) en maatskappye (jaareindfunksies)
  - » Die brutowins persentasie op kosprys kan verhoog word soos wat die feesseisoen nader kom.
- Kash smote bietjie wag met die aankoop van die nuwe voertuig of 'n huurkooptransaksie oorweeg want sodoende sal die paaiement per maand kleiner wees.
- Verminder die onttrekkings uit die onderneming totdat die onderneming 'n meer positiewe kontantvloei toon.

**6** Betroubare en weerspieëlende rekords van transaksies van die verlede
Gebruik van vergelykende syfers
Resultate word gereeld gemeet en vergelyk met voorafbepaalde doelwitte
Neem eksterne faktore in ag, bv. verswakkende ekonomiese toestande, inflasie ens.
Neem in ag logiese interne afleidings en werklike toekomstige verpligtinge (bv. lenings, betaal van werkers) in ag.
Interne faktore in ag geneem vir:
- die aankoop van vaste bates
- die aankoop van voorraad
- verkope en debiteure-invorderingsperiode
- aankope en krediteurbetalingsperiode
- finansieringsmetodes en bronne.

Etiese oorwegings – King verslag rakende:
- dissipline
- onafhanklikheid
- verantwoordelikheid
- regverdigheid
- sosiale verantwoordelikheid
- deursigtigheid
- toerekenbaarheid